basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## RELIGIESTUDIES V1

## NOVEMBER 2023

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B.

2. AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Beantwoord enige TWEE vrae in hierdie afdeling.

3. Lees AL die vrae aandagtig deur.

4. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.

5. Die lengte van jou antwoorde moet ooreenstem met die punte wat aan elke vraag toegeken is.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.11 D.

1.1.1 Konserwatisme is …

A 'n verklaring van die Wêreldparlement van Godsdienste.
B die vashou aan tradisionele, konvensionele waardes.
C die beskerming van menseregte.
D die manier waarop iemand of iets tipies optree. (1)

1.1.2 Volgelinge van Hindoeïsme noem hulle goddelikheid …

A Shema.
B Ishwara/Ishvara.
C Gandhi.
D Dharma. (1)

1.1.3 Betrokke by die bevordering van eenheid onder Christelike kerke:

A Hervormers
B Sendelinge
C Eucharistie
D Ekumenies (1)

1.1.4 Iemand wat tot 'n spesifieke geloof behoort of dit beoefen:

A Volgeling
B Opvolger
C Vrygemaakte
D Voorloper (1)

1.1.5 Die wedergeboorte van die siel of gees in 'n nuwe liggaam word … genoem.

A karma
B reïnkarnasie
C evolusie
D regressie (1)

1.1.6 'n Oortuiging wat van mense verwag om dit sonder enige twyfel te aanvaar:

A Dogma
B Geloofsbelydenis
C Ideologie
D Leerstelling (1)

1.1.7 In Afrika Tradisionele Godsdiens is die eersgebore man (inkulu) die …

A persoon wat oor die bediening van kos in 'n ritueel toesig hou.
B leier in rituele uitvoerings.
C persoon wat verantwoordelik is om 'n dier te slag.
D persoon wat verantwoordelik is vir die gooi van bene in die uitvoering van sekere rituele. (1)

1.1.8 Die hoof van Tibettaanse Boeddhisme is …

A David Suzuki.
B Siddhartha Gautama.
C Tenzin Gyatso.
D Imam Bukhari. (1)

1.1.9 Op die Bahá'i-kalender word die Negentiendagfees op die … dag van elke maand gehou.

A laaste
B negentiende
C eerste
D sewende (1)

1.1.10 Moslems vas 'n maand lank gedurende …

A Hadj.
B Zakat.
C Muharram.
D Ramadan. (1)

1.2 Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord(e) neer te skryf. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.6) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.2.1 … is 'n konsep in Hindoeïsme wat sê dat jy nooit enige lewende wese kwaad moet aandoen nie. (1)

1.2.2 'n Versameling heilige tekste en verhale van Boeddhistiese oorsprong is die … (1)

1.2.3 Die wetenskap van die interpretasie van godsdienstige tekste word … genoem. (1)

1.2.4 Godsdienstige vieringe wat bedoel is om mense aan heilige geleenthede te herinner, word … genoem. (1)

1.2.5 In Afrika Tradisionele Godsdiens word daar na diepe respek of eerbied vir die voorvaders as … verwys. (1)

1.2.6 'n Persoon wat Nirvana op eie meriete kan binnegaan, staan as … bekend. (1)

1.3 Kies 'n term uit KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–H) langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.6) in die ANTWOORDEBOEK neer. MOENIE 'n antwoord meer as een keer gebruik NIE.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.3.1 | Boeke wat absolute gesag in 'n godsdiens het | A | Tydperk van Aquarius |
| 1.3.2 | Hervormde Jode onderskryf hierdie lering | B | moksha |
| 1.3.3 | Hulle glo dat, in die verre toekoms, hulle godsdiens die enigste in die wêreld sal wees | C | kanon |
| 1.3.4 | 'n Tyd sal kom wanneer die mensdom moreel volmaak sal wees | D | mite |
| 1.3.5 | 'n Toestand van die hoogste geestelike bevryding | E | Bahá'i-geloof |
| 1.3.6 | Godsdienstige verhale waarin diep waarhede oor die lewe geopenbaar word | F | tikkun olam |
| | | G | Messiaanse Tydperk |
| | | H | reïnkarnasie |

(6 x 1) (6)

1.4 Kies die woord(e) in ELKE lys hieronder wat NIE by die res pas NIE. Skryf die woord langs die vraagnommers (1.4.1 tot 1.4.5) in die ANTWOORDEBOEK neer. Gee 'n rede waarom die antwoord NIE pas NIE.

VOORBEELD: Rooi, Geel, Sirkel, Blou
ANTWOORD: Sirkel
REDE: Die ander drie is kleure.

1.4.1 Bahá'i-geloof, Judaïsme, Boeddhisme, Islam (2)

1.4.2 Talmoed, Lao-tzu, Boek van Mormon, Vedas (2)

1.4.3 Sanskrit, Shaktisme, Shaivisme, Vaishnavisme (2)

1.4.4 Koran, Shabbat, Shahadah, Hadith (2)

1.4.5 Modimo, Hadj, Ubuntu, Voorvaders (2)

1.5 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommers (1.5.1 tot 1.5.6) in die ANTWOORDEBOEK neer. Gee 'n rede indien die antwoord ONWAAR is.

1.5.1 Volgens die Taoïstiese siening ontstaan al die wêreldprosesse uit tienduisend dinge. (2)

1.5.2 'n Soefi lei gemeentelike gebede in Islam. (2)

1.5.3 Pluralisme is die vermenging van verskillende godsdienstige oortuigings, wat tot 'n nuwe geloofstelsel lei. (2)

1.5.4 Die term 'smriti' in Hindoeïsme beteken wat gehoor word. (2)

1.5.5 Halakhah is die Joodse lewenswyse wat in die Mitzvot uiteengesit word. (2)

1.5.6 Die Boeddhistiese godsdiens het in China ontstaan. (2)

1.6 In die konteks van godsdiens, skryf TWEE feite oor ELK van die volgende:

1.6.1 Ubuntu (2)

1.6.2 Ramakrishna (2)

1.6.3 Monoteïsties (2)

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B

Beantwoord enige TWEE vrae in hierdie afdeling.

### VRAAG 2

2.1 In die konteks van godsdiens, gee 'n kort verduideliking van ELK van die volgende konsepte:

2.1.1 Identiteit (4)

2.1.2 Verskil (4)

2.1.3 Ideologie (4)

2.2 Noem enige TWEE unieke kenmerke van ELK van die volgende godsdienste:

2.2.1 Islam (4)

2.2.2 Christenskap (4)

.

2.2.3 Taoïsme (4)

2.2.4 Hindoeïsme (4)

2.3 Verduidelik die verband tussen *godsdiensonderrig* en *godsdienstige oortuiging*. (6)

2.4 Wat leer tradisionele Afrika Tradisionele Godsdiens oor voorvaders? (8)

2.5 Noem die VIER Edel Waarhede uit die sentrale leringe van Theravada Boeddhisme. (8)

**[50]**

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 3

3.1 Lees die artikel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**VERENIGDE METODISTE KERK ('UNITED METHODIST CHURCH') STEM OM DIE VERBOD OP GAY GEESTELIKE LEIERS TE HOU**

Philadelphia, PA VSA, 26 Februarie 2019
Deur Emmanuel Abalo

Die Verenigde Metodiste Kerk ('United Methodist Church'/UMC) het Dinsdag by 'n Spesiale Sitting in Missouri, die Verenigde State, gestem om sy standpunt teen lesbiërs, biseksuele, gays, transgenders en gay geestelike leiers* te behou. Verslae van verrigtinge wat deur African Star gemonitor word, sê dat afgevaardigdes by die Spesiale Sitting van die tweede grootste Protestantse denominasie van sowat 12,6 miljoen mense wêreldwyd aan die einde van hulle vergadering gestem het om hulle teenstand teen selfdegeslaghuwelike en gay geestelike leiers te behou.

Die besluit is 'n oorwinning vir die konserwatiewe vleuel van die Kerk wat steun ontvang het van die Afrika Konferensie, wat gekant is teen enige liberalisering van Kerk-leerstellings om die ordening van gay geestelike leiers en die huwelike van selfdegeslagpaartjies moontlik te maak. Uitgesproke afgevaardigdes van konserwatiewe gebiede in en buite die VSA het 'n deurslaggewende rol gespeel om die 'Een Plan'-stroom te verslaan, wat deur die Raad van Biskoppe ('Council of Bishops') ondersteun is as 'n manier om die gay-kwessie te omseil en dit aan plaaslike bisdomme oor te laat om daaroor te besluit. Afgevaardigdes het eerder gekies om die 'Tradisionele Plan' goed te keur, wat 'n verbod op die ordening van gay geestelike leiers en geestelikes wat huwelikseremonies van selfdegeslagpaartjies uitvoer, behou het.

Ná die stemming het 'n afgevaardigde van die Verenigde Metodiste Kerk in Liberië, Wes-Afrika, Eerwaarde Jerry Kulah, gesê: 'Die progressiewe groepe is luidrugtig, maar hulle het nie die getalle nie,' en bygevoeg dat, as die Verenigde Metodiste Spesiale Konferensie gestem het om LGBT**-insluiting te aanvaar, dit 'n 'voorwerp van bespotting' in Afrika sou geword het. 'Ek is bly om terug te gaan na ou vroue en ou mans in dorpies wat die Bybel by sendelinge gekry het en hulle te laat weet dat die Bybel nie verander het nie,' het die Liberiese Metodiste-prelaat*** gesê.

Die Algemene Konferensie en Metodiste wêreldwyd het hierdie omstrede kwessie hanteer wat gedreig het om die Kerk te verdeel. Metodiste moet nou daaraan werk om die seerkry en verdeeldheid te genees en te versoen na die verbete stryd oor gay-kwessies.

*geestelike leier: aangewese godsdienstige leier deur middel van ordening
**LGBT: lesbies, gay, biseksueel, transgender
***prelaat: 'n kerkamptenaar met 'n hoër rang

[Bron: http:/www.africanstar.org, Februarie 2019]

3.1.1 Met verwysing na die artikel, wat beteken 'gay geestelike ordening'? (2)

3.1.2 Gee die sienings van die volgende groepe in die Konferensie:

(a) 'Een Plan' (2)

(b) 'Tradisionele Plan' (2)

3.1.3 Gee moontlike redes waarom Afrika ten gunste van die 'Tradisionele Plan' was. (6)

3.1.4 Dink jy dat die besluit wat deur die Verenigde Metodiste Spesiale Konferensie geneem is, in ooreenstemming met menseregte is? Gee redes vir jou antwoord. (8)

3.1.5 Dink jy dat Emmanuel Abalo in sy verslag bevooroordeeld is? Gee VIER redes om jou antwoord te staaf. (8)

3.2 Op watter maniere het die Suid-Afrikaanse media sy dekking van godsdiens verander ná die demokratiese verkiesing van 1994? (10)

3.3 Die Bahá'i-geloof en Taoïsme is twee godsdienste wat min of geen dekking in Suid-Afrikaanse hoofstroommedia ontvang nie. Gee SES moontlike redes hiervoor. (12)
**[50]**

## VRAAG 4

4.1 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**KONFLIK IN NOORD-IERLAND**

Deur Michael Hirst
BBC Nuus
Gepubliseer 14 April 2021

Byna 90 polisiebeamptes is beseer in Noord-Ierland se ergste straatgeweld in jare, ná sporadiese oproer in verskeie dorpe en stede sedert einde Maart. Die regerings in Belfast, Londen en Dublin het die onrus veroordeel, met die VSA wat vir kalmte gevra het, aangesien die polisie vir die eerste keer in ses jaar waterkanonne gebruik het. Agtien mense is gearresteer en 15 aangekla nadat skares oorwegend lojalistiese jeugdiges rye onlustepolisiebeamptes en voertuie met bakstene, vuurwerke en petrolbomme aangeval het.

Geweld, waarby bendes jeugdiges betrokke is, het op 29 Maart begin in 'n gebied van Londonderry wat lojalisties is – ten gunste daarvan om Noord-Ierland as deel van die Verenigde Koninkryk te hou. Die nag van 7 April het die gevegte oorgespoel oor 'n sogenaamde vredesmuur in die weste van Belfast, wat hoofsaaklik Protestantse lojalistiese gemeenskappe skei van hoofsaaklik Katolieke nasionalistiese gemeenskappe wat 'n verenigde Ierland wil sien. 'n Hek wat die twee skei, is oopgebreek en gedurende etlike ure van wanorde is polisiebeamptes en 'n persfotograaf aangeval en 'n bus is gekaap en verbrand.

Die botsings het kommer oor toenemende sektariese spanning laat ontstaan. Dele van Noord-Ierland is steeds verdeel langs sektariese lyne, 23 jaar nadat 'n vredesooreenkoms grootliks 'n einde gemaak het aan Noord-Ierland se Probleme ('Troubles') – wat byna 30 jaar geduur het en die lewens van meer as 3 500 mense gekos het.

Alhoewel daar geen duidelike aanduidings is dat die onrus deur 'n georganiseerde groep georkestreer word nie, is die geweld gekonsentreer in gebiede waar kriminele bendes wat aan lojalistiese paramilitêre groepe gekoppel is, beduidende invloed het.

[Aangepas uit https://www.bbc.com/news/uk-northern-ireland-56664378]

4.1.1 Op watter kontinent is Noord-Ierland geleë? (2)

4.1.2 Noem TWEE partye wat by hierdie konflik betrokke is. (4)

4.1.3 Verduidelik kortliks die oorsaak van verdeeldheid tussen die twee strydende partye. (4)

4.1.4 Hierdie konflik kan as intra-religieus beskryf word. Wat beteken *intra-religieus*? (2)

4.1.5 In watter mate is godsdiens deel van hierdie konflik? Motiveer jou antwoord. (8)

4.2 Watter praktiese stappe kan godsdienstige organisasies volg om godsdienskonflikte op te los? (10)

4.3 Met verwysing na enige EEN godsdiens wat jy bestudeer het, bespreek die leringe daarvan oor oorlog. (10)

4.4 Noem VYF moontlike redes waarom Suid-Afrika geen intergodsdienstige konflik het nie. (10)
**[50]**

## VRAAG 5

Lees die artikel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**DIE GODSDIENSTIGE BASIS VIR MENSEREGTE, VERDRAAGSAAMHEID EN RESPEK**

In die vroeë 2000's was daar 'n opskudding in Frankryk toe jong Moslemmeisies probeer het om skole by te woon terwyl hulle tradisionele Moslemdrag gedra het. Die Franse sê: 'Jy is vry om jou godsdiens in godsdienstige of private geboue te beoefen, maar nie op staatseiendom nie'. Tog dwing hierdie einste wet tradisionele Moslems om teen hulle godsdiens, in Frankryk, te 'sondig'.

[Bron: *Shuters Top Class Religion Studies*, bladsy 206]

5.1 Watter tipe regering het Frankryk? (2)

5.2 Verduidelik kortliks die begrip *godsdiensvryheid* EN gee 'n voorbeeld. (4)

5.3 Hoekom, dink jy, word godsdienspraktyke nie op Franse staatseiendomme toegelaat nie? (4)

5.4 Die scenario hierbo dui op 'n tydperk van godsdienstige onverdraagsaamheid in Frankryk.

Verduidelik hoe godsdiensgemeenskappe op hierdie regeringsbeperkings kan reageer. (6)

5.5 Dink jy godsdiens moet deur die staat gereguleer word? Motiveer jou antwoord. (6)

5.6 Dink jy 'n sekulêre staat het groter respek vir menseregte as 'n godsdienstige staat? Motiveer jou antwoord. (6)

5.7 Bespreek kortliks die kwessie van menseregte met spesifieke verwysing na vrye meningsuiting. (6)

5.8 Noem TWEE moontlike nadele van ELK van die volgende:

5.8.1 'n Land wat 'n staatsgodsdiens het (4)

5.8.2 'n Land wat godsdiensvryheid bevorder (4)

5.9 Watter praktiese voorstelle kan jy, as jeugleier, aan die jeug van Suid-Afrika gee om godsdienstige verdraagsaamheid te bou? (8)
**[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 100**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou